

## **HOOFSTUK 8**

### **8.1. BESPREKING VAN STUDIE**

#### **8.1.1 Algemeen**

Daar sal vervolgens in antwoord op die hipotese op p.22, beskrywende afleidings van die studie gemaak word. Die fokus op manlikheid, oftewel “fallus”, is met die studie op kwalitatiewe wyse aangepak. ‘n Dieptebeeld is bekom van ‘n paar gevallestudies, waartydens ‘n duidelike verwantskap tussen liggaamlike en geestelike aspekte uitgelig is. Die manlike fisiologiese toestand reflekteer spesifieke psigiese waarhede, soos deur Monick(1987) gepostuleer. Die psigoiëde aard van die mens (man) kom na vore, waar ‘n fisiologiese siektebeeld ‘n wederkerige invloed op die psigiese welstand van ‘n man openbaar.

Die geslagsdeel van ‘n man, as handelingsinstrument, dien as maatstaf van sy vermoë om te bemeester. ‘n Mislukking op psigiese gebied sal aanleiding kan gee tot ‘n erektele onvermoë, so-ook mag ‘n erektele onvermoë van organiese oorsprong aanleiding gee tot psigiese twyfeling oor manlike identiteit.

Die een is die ander; die liggaam en gees dien as metafore van mekaar. Fallus is manlikheid, en manlikheid word deur prestasie verteenwoordig. Prestasie vind plaas in relatiewe terme en op verskeie terreine, om die manlike sin van bemeestering in stand te hou. Tydens ‘n verlies aan voldoende bemeestering, sal die liggaam aandui dat die teken van manlikheid ook afneem.

Die omstandighede waarbinne mislukkings beleef kan word, wissel van persoon tot persoon in terme van betekenis. Hierdie omstandighede kan, deur middel van geprojekteerde beskrywings, indirek as metaforiese verhale

uitgebeeld word. Die respondent se beeld en omstandighede kan op reflektiewe wyse d.m.v. kuns en letterkunde gedemonstreer word.

'n Poging tot interpretasie van hierdie beskrywings is gemaak, sodat begrip vir die respondent se posisie kon ontstaan. Die teoretiese fundering van Jung (in Monick) plaas die navorser in 'n posisie van empatiese voorbereiding op die respondent se ervarings, naamlik dat hy weerloos staan voor voortdurende uitdagings.

Die man (soos vir hierdie studie van toepassing) word op verskeie gebiede voor eise geplaas en daar bestaan die potensiaal om te slaag of om te misluk. Die liggaam repondeer reaktief hierop, soos 'n hartklo: Die magtelose situasie waarin sommige mans met fisiologiese siektetoestande verkeer, kompliseer hulle gevalle verder, naamlik dat die psige negatief hierop reageer en 'n verdere verskraling van liggaamlike reaksie veroorsaak. Die totale meganiese werking van die liggaam misluk dus, wat die stand van fallus numenosum bevraagteken.

Elke pasiënt was kreatief betrokke by die kweek van sy eie eksistensiële tuin, wat uiteindelik namens hom verhaal is. Die samestelling van elke individuele tuinuitleg is deur sy kreatiewe bydrae hervorm tot prag en praal, maar is ook beperk deur peste en siektes. Elke tuin word inderwaarheid liggaamlik geëvalueer en gemerk in terme van sy selftrots. Die tuine met hul inherente siektes, poog om, ten spyte van 'n agterstand, ook die son se lig te bereik.

## 8.1.2. Gevolgtrekkings

### 8.1.2.1. Interne evaluasie

#### -Die kliniese vraelys

Die vraelyste het 'n sensiterende doel gedien en het by implikasie 'n aanduiding gebied van moontlike sensitiewe probleme, sonder om

gedetailleerde inligting te verskaf. Die navorser kon hierdeur sekere temas van Monick se fallus-stukture identifiseer vir verdere ondersoek tydens die onderhoude. Databeskrywings word later verder in detail bespreek.

### **-Die stimulusbeelde**

**Beeld 1:** Hierdie kaart het in 'n groot mate bevestig wat dit veronderstel was om te konstateer, naamlik dat almal met die tema van manlike bondgenootskap kon identifiseer.

**Beeld 2:** 'n Ernstige of ongelukkige vroulike figuur, eerder as identiteitsrolverwarring, het met hierdie skets na vore gekom.

**Beeld 3:** Die robuuste kwaliteit van hierdie kaart is herken, alhoewel elkeen in terme van aanvaarding anders daarop gereageer het.

**Beeld 4:** Volgens die respondente se reaksie, was die fokus van hierdie kaart op die nederige en afhanklike posisie van die figure, eerder as op die gesofistikeerde beroepskonteks.

**Beeld 5:** Die idealistiese beeld van twee erotiese figure word inderdaad erken en volgens persoonlike waardesisteme gehanteer.

**Beeld 6:** Die potensiële gevaar wat die vroulike figuur inhou word op indirekte eerder as direkte wyse erken en verreken.

**Beeld 7:** Die verouderingsproses en aseksuele konnotasie van die figure word redelik simpatiek benader.

**Beeld 8:** Verhoudingskonflik word erken, alhoewel elk vanuit sy eie verwysingsraamwerk daarop reageer.

**Beeld 9:** 'n Simboliese konnotasie met die verlepte sonneblom kon oor die algemeen vertolk word, soms met beter insig as ander.

**Beeld 10:** Die vae definisie van hierdie beeld het uiters unieke en betekenisvolle reaksies ontlok. Respondente het soms abstrakte insigte geopenbaar en hul potensiaal demonstreer om analities te redeneer.

**Beeld 11:** Die pasiënte het op 'n blatante en direkte wyse met hierdie beeld geïdentifiseer. Elkeen se onderskeie verwerkingswyse van hul omstandighede is daardeur ten toon gestel.

Pasiënte kon op verskillende wyses en op verskillende vlakke met al elf kunswerke vereenselwig en daardeur 'n tweede-orde metaforiese posisie vorm. Hul projeksies was dus, na interpretasie, identifikasies in die eerste persoon. Besonderhede van ooreenkomste en verskille word tydens databeskrywings hieronder uitgelig.

#### **-Die kliniese onderhoud**

Onderhoude is met empatie en warmte gevoer, alhoewel die resultaat 'n bepaalde kliniese struktuur gevolg het. Die inhoud is gevolglik feitelik en leweloos aangebied, met min diepte en gevoelsrefleksie. 'n Psigiatrisiese diagnose sou hieruit gemaak kon word en ander inligtingbronne kan daardeur bevestig word. Die noodsaaklikheid van die insluiting van die onderhoud is dus vir dié doeleindes duidelik.

Monick/Jung se teorie kon ook deurgaans in die onderhoudsdata gelees word en sou waarskynlik 'n betroubare verteenwoordiging van die deelnemer se fallus-profiel daar kon stel, indien daar slegs weens tydbepenkings van hierdie evaluasietegniek gebruik gemaak sou word.

Die vraelys het opsommend en inleidend dus 'n meganiese en oppervlakkige weergawe gebied van die pasiënt se probleem; die onderhoud het 'n groot getal feitlike besonderhede oor 'n wye spektrum verskaf en die projektiewe

beelde het diepte-insig gebied in spesifieke temas, oor manlikheid. Die verwerking van al die inligting kry egter eers betekenis in terme van die navorsingsvraag tydens die vierde proses, naamlik Geïntegreerde Fallus-beeld. Hiertydens is alle vorige gegewens aan die hand van Monick se Phallos-kriteria gemeet en finaal aangebied as elk se manlike profiel.

### **-Motivering van die fallus-tuin as meestermetafoor**

‘n Metaforiese beeld is laastens in eerstepersoon-vertelling geskep, tydens die studie wat ‘n derde-orde-vlak van metaforiese aanbieding verteenwoordig. Die rede hiervoor was om die respondent vanuit ‘n ander perspektief aan te bied en op ‘n reflekerende wyse begrip van sy menswees te demonstreer.

Verskeie “families” van metaforiese beelde is vir die doel met toepaslike vergelyking hiervoor ondersoek, waaronder op die gebied van ergonomika, lugvaartkunde, elektronika en hidroliese meganika.

Daar is gevind dat bogenoemde metafore ‘n oormatige rigiede en lewelose beeld sou skep en dat die fokus op die fisiese aspekte van die respondent sou wees, sonder voldoende inagneming van die psigiese/geestelike en interpersoonlike. Die botaniese metafoor bied groter buigsaamheid en geleentheid vir aanpassing, terwyl dit ook die essensiële eienskappe van manlikheid, volgens Monick, verteenwoordig. Die idee rondom manlike trots, die primitiewe onderwêreld, sosiale voorskrifte, persoonlike agtergrond, betekenisvolle naasbestaendes, vernederings, ambisies, regverdiging van, en stryd om, bestaansreg kon in die Tuin van Fallus uitgebeeld word.

**Hierdie visuele beeld dien as psigiese refleksie van die fisiologiese toestand van die respondent, naamlik dat dit wat in die Tuin van Fallus gelees word, ‘n vertelling deur die liggaam is.** In ooreenstemming met Romanyshyn se beeldingstegniek word ‘n stem daardeur gebied aan die besondere liggaamsdele, wat primêr met die psigiese ervaring van

manlikheid in wisselwerking is. Dit mag in elke besondere geval 'n ander fisiese dimensie aanneem (diabetes vs gangreen vs rugmurgbesering). Die stand van (fisiese) fallus, naamlik ED, bevestig, op 'n sigbare wyse, hierdie psigiese beeld wat met die respondent se fisiologiese siektebeeld gepaardgaan. **Die besondere aftakeling van selfbeeld en besorgdheid oor manlike identiteit onder diegene (manlikes) wat aan primêre organiese siektetoestande met sekondêre impotente simptome ly, kom duidelik met hierdie studie na vore.** Die magteloosheid, verlies aan beheer/magteloosheid wat hy hiertydens ervaar, druis direk in teen 'n man se behoefte om te kan bemeester. Sy mislukking word dus eerder 'n geval van prestasie-frustrasie, as van prestasie-angs.

### -Databeskrywing

#### (i) Onderlinge ooreenkomste en verskille

##### -Vraelysgegewens

Al nege gevalle wat aanvanklik by die studie betrek is, is in terme van persoonlike agtergrond en diagnose van uiteenlopende aard, buiten die gemeenskaplike voorkoms van ED by elkeen.

Daar is besluit om die studie te vernou weens die kompleksiteit daarvan, sodat sekere veralgemenings na afloop daarvan gemaak kon word. Die studie is beperk by drie gevalle tot organiese vorms van ED, **sodat die psigiese belewenis en impak hiervan ook op die organiese pasiënt, erkenning mag verkry.** Daar is voorheen 'n sterk onderskeid getref tussen psigogene en organiese tipes ED, sodat die hantering daarvan vanuit óf 'n seksuologiese óf mediese perspektief, benader kon word. Die organiese pasiënt word merendeels op 'n klinies-meganiese wyse deur uroloë behandel en min erkenning van die psigiese lyding tydens die verlies van phallos numen, word geopenbaar.

Die vraelys het hierdie gevalle geïdentifiseer in terme van slegs een gemeenskaplikheid, nl. hul ED diagnose. Dit het andersins geblyk dat die respondente in terme van mediese toestand, ras, taalvoorkeur, godsdienstige waardes, persoonlike geskiedenis, ouderdom en beroep algeheel van mekaar verskil.

**~Stimulusbeelde (volgens strukturele beskrywings)**

Daar is deur middel van die metode die respondent die geleentheid gebied om op 'n indirekte wyse kreatief by die navorsingsproses betrokke te raak, sodat persoonlike inligting met betrekking tot die navorsingsvraag by hom ontlok en in sielkundige terme herskryf kon word. Sekere ooreenkomste<sup>(o)</sup> en verskille<sup>(v)</sup> kon van elk se beskrywings na aanleiding van die proses van kwalitatiewe interpretasies van die bepaalde kunswerke gemaak word:-

**Sleutel**      **O**      =      Ooreenkomste  
                     **V**      =      Verskille

<b>BEELD</b>	<b>WILLEM H</b>	<b>KAPPA</b>	<b>GERT</b>
1	<p><b>O</b> Heg waarde aan 'n emosioneel ondersteunende verhouding met 'n ander manspersoon.</p> <p><b>V</b> Openbaar 'n groter mate van emosionele broosheid.</p>	<p>Manlike vriendskap beteken vir hom opregtheid, vertrou en waardering.</p> <p>Openbaar 'n meer verdedigende, gedistansieerde handeling.</p>	<p>Openbaar 'n positiewe gesindheid jeens manlike samesyn ; waar daar gesellig verkeer kan word in eiesoortigheid.</p> <p>Tree ontspanne en byna naïef op in bepaalde konteks.</p>

2	O	'n Vroulike figuur met 'n ernstige aktiwiteit van intellektuele aard op hande.	'n Verwoede vroulike figuur wat magteloos en gefrustreerd teenoor haar metgesel se destruktiewe gewoontes staan.	'n Teneergedrukte vroulike figuur wat in 'n destruktiewe interpersoonlike situasie vasgevang is.
	V	'n Rasionele benadering tot die figuur, met afwesige emosionele empatie.	'n Spesifieke probleemkonteks, nl. alkoholmisbruik, word geïdentifiseer.	Die vrou se gevoelens is aan spesifieke omstandighede, naamlik egskeiding te wyte.
3	O	Herkenning van die robuuste man alhoewel hy met 'n mate van vernedering daarop afkyk.	Die tipe manlike gedrag is uiters baar en nie iets waarmee hy in nugterheid sou kon vereenselwig nie.	Die aktiwiteit wat deur 'n ander groep mans, maar nie deur homself nie, uitgevoer word, word afgekeur.
	V	Toon 'n gesublimeerde hunkering en teenstrydige affiliasie met die robuuste man.	Gedrag is die gevolg van dwelms en andersins onaanvaarbaar.	Hy verkies om moontlik eerder die toeskouer te bly as gevolg van die risiko's verbonde.
4	O	Die figure staan voor lewenseise wat dryfkrag verg.	Die persone staan voor probleme en uitdagings wat	Die figure is medewerkers wat na 'n oplossing



		Manlikes staan voor soortgelyke pligte. Religieuse konteks.	oplossings verg. Religieuse konteks.	soek te midde van 'n probleem.
V		'n Filosofiese en breë beskouing van die mans se doelwitte, met heimwee.	Vertrou op godsdienstige riglyne/oplossings wanneer voor verwagtinge geplaas word.	Treë daadwerklik en met praktiese betrokkenheid op.
5	O	Herken seksuele konteks tussen man en vrou.	Herken seksuele konteks tussen man en vrou.	Herken seksuele konteks tussen man en vrou.
	V	Reageer met hunkering.	Reageer met kunsmatige moralistiese veroordeling.	Reageer daarop met egte seksuele ongemak.
6	O	Die vrou mik om aggressie in wraak te eksternaliseer en om te beseer.	Die vrou is aan die eenkant boos, en potensieel tot onheil in staat.	Toon indirekte ontsag vir innerlike krag en heldhaftigheid van vrou en haar geassosieerde gevaar.
	V	Reageer met verdediging en voel weerloos.	Bied erkenning aan vrou se dubbele rol wat haar	Identifiseer met vrou se pyn en eie begeerte om van

		onbetroubaarheid impliseer.	oorweldigende omstandighede te ontsnap.
7	O	Bejaarde liggame toon ongemaklike geslagloosheid en verlies aan seksuele meelewing.	Bejaarde liggame word met agteruitgang en swaarkry geassosieer, sonder verwysing na geslagslewe.
			Figure gevorderd in Jare toon passief en ontlok geen seksuele response nie.
V		Fokus met kommer op identifiseerbare aspek van die moontlike realiteit van aseksuele bestaan.	Seksuele aangeleenthede is van minder belang te midde ander praktiese probleme.
			Vereenselwig hom geensins met die realiteit van liggaamlike verandering en heteroseksuele implikasies daarvan nie.
8	O	'n Stryd van meesterskap in 'n heteroseksuele konteks wat met seksuele spanning gelaai is.	Manlike oorheersing van die vrou wat seksuele gratifikasie bewerkstellig.
			Gedistansieerde prosesopmerkings oor die stryd wat liefde behels.
V		Beide figure kon met hul primitiewe instinkte in kontak tydens 'n geslaagde	Manlike dominansie en negatiewe aggressie oorheers die ontmoeting.
			Gedistansieerde onbetrokkenheid en ongemak met eie primitiewe impulse.

		seksuele spel.		
9	O	Die sonneblom is 'n ongelukkige slag toegedien en voel magteloos hierin.	Identifiseer op ontkennde wyse met sonneblom.	Die verwaarloosde en gestorwe sonneblom word aan sy eie omstandighede gelykgestel.
V		Afhanklikheid en moedeloosheid bied vir die sonneblom min hoop.		Verwydering en weerhouing het weer lewe aan sy blom gebied.
10	O	Die "filosofiese boom" word nie met sy liggaam vereenselwig nie; 'n afwesigheid van funksie word daardeur geïmpliseer.	'n Gebrek of wonding wat sy funksionering affekteer, word aangedui. Dit is vir hom moeilik om sekere doelwitte te bemeester.	Die wondingsproses beperk ook sy liefdeslewe sodat geen vermelding daarvan gemaak word nie.
V		Hy droom en hunker om moontlik meer met sy viriliteitsboom vereenselwig te word.	Kompensasies vir sy verliese word benodig, asook afhanklike ondersteuning.	Vermyding van die pynlike element dien as voorsorg vir 'n herhaling van vorige skade.
11	O	Sterk identifikasie met figuur en	Sterk identifikasie en	Identifikasie op konkrete vlak.

	bevestiging van waarde van liggaam in totale mensbeeld.	onverenigbaarheid met toedrag van sake. Afhanklikheid van liggaamlike eenheid.	
V	---	---	---

Opsommend kan daar gestel word dat die respondente ooreenkom oor en met die fase van stimulusbeeld beskrywings, in hul identifisering van die belangrikheid manlike subkultuur; dat vroulike figure 'n direkte of indirekte potensiaal vir gevaar vir manlikes kan inhou; dat hulle ontuis voel met hul primitiewe manlike dimensie; dat hul pligte en vereistes van manwees erken word; dat die seksuele konteks tussen man en vrou vir elkeen met intense betekenis en teenstrydigheid belaa is; dat die realiteit van 'n moontlike aseksuele bestaan met afkeur en kommer bejeen word; dat liefde en heteroseksuele verhoudings met stryd geassosieer word; identifikasie met hulle ED-toestand plaasvind met gevoelens en verganklikheid en leweloosheid; hul bestaan en welstand deur een of ander vorm van verwonding geïnhibeer word en die algehele nie-aanvaarding van hul eie beleefde onvoltooide liggaamlikheid.

Die laaste respondent, Gert, is geneig om die belangrikheid van heteroseksuele verhoudings te ontken en tree meer kompenserend op as die ander twee. Willem H. vertoon meer weerloos en gefrustreerd en Kappa kom terneergedruk voor en maak gebruik van kunsmatige ontvlugtingsmaatsreëls om sy frustrasies te hanteer.

### ~Onderhoudgegewens

Al drie respondente ly aan 'n fisiologiese siektetoestand wat hulle lewens drasties beïnvloed en wat vrye aanpassings op alle lewensterreine verg. Die een (Willem H) word oorheers deur 'n diabetiese toestand, die ander (Kappa)

deur 'n inperkende rugmurgbesering en die laaste (Gert) deur aarverkalking en amputasie. 'n Onderliggende 'newe-effek' van hul siektetoestande is gemeenskaplike sekondêre, organiese ED.

**Kliniese geskiedenis:** Die pasiënte se persoonlike agtergronde toon uiteenlopende omstandighede, alhoewel almal spruit uit gemiddelde tot ondergemiddelde sosio-ekonomiese posisies. Dit blyk dat hulle merendeels beter verhoudings met hul moeders as met hul vaders gehad het. Elkeen is in een of ander mate as kind blootgestel aan beproewing of beperkings, hoewel slegs Willem H s'n fisiologies van aard was. Hierdie agterstande het besondere skolastiese- en beroepseise aan hulle gestel, naamlik dat hulle onder moeilike omstandighede verplig was om hulself te bewys en in stand te hou.

Manlike sosialisering het vir Kappa en Gert op sosiale en weermaggebied geskied. Kappa het homself ook op sportgebied fisies bewys. Willem H. se vroeë siektetoestand het hom egter beperk in sy fisiese aktiwiteite.

Dit was gevolglik vir Willem H. en Gert noodsaaklik om hulself op beroepsvlak suksesvol te laat geld, omdat Willem H. nie die geleentheid gehad het om fisies te ontwikkel nie en Gert homself as man nie op heteroseksuele gebied kon bewys nie, soos later sal blyk. Al drie het tradisioneel manlike beroepsrigtings gekies, alhoewel Kappa hierin minder toegewyd voorgekom het as die ander. Hul huidige mediese toestande het drastiese veranderinge aan hul loopbaanposisies aangebring. Dit blyk dat dit die minste effek op Kappa het en dat die fisiese en seksuele beperkings vir hom 'n groter aangeleentheid is, omrede dit as basis vir sy manlike identiteit gedien het. Kompenserende reëlins op werkgebied is vir Gert en Willem H. uiters noodsaaklik, omdat hulle identiteit, in die afwesigheid van fisiese en seksuele geleenthede, primêr op hul beroepsbetrokkenheid gebaseer is. Sulke aanpassings is egter slegs vir Gert beskikbaar.

Willem H se mediese geskiedenis getuig van 'n hoogs beperkende lewenstyl en 'n gereguleerde lewe, as gevolg van sy ernstige vorm van suikersiekte en hoë bloeddruk. Dit het sy karakter gevorm tot dié van 'n gekontroleerde en rigiede persoon. Kappa en Gert kon pre-morbied 'n meer sorgelose bestaan voer en was oor die algemeen deur hul onderskeie lewens gesonde mense, totdat hul huidige mediese toestande bygedra het tot 'n besondere inperkende invloed op hul gesondheid. Gert en Kappa se manlike selfbeeld word ook negatief beïnvloed deur hul infertiele en kinderlose posisies.

Hul seksuele ontwikkelingsgeskiedenis getuig daarvan dat beide Willem H. en Kappa ongeïnhibeerd en spontaan hiermee in aanraking gekom het, maar dat slegs Kappa 'n aktiewe seksuele lewe gelei het. Willem H. en Gert se seksuele ondervindings was negatief van aard, so-ook Gert se morele ingesteldheid op seks as vuil en sondig. Geleenthede om hulself in manlikheid op dié gebied te bewys, is dus van hulle weerhou. Gert ontken die waarde hiervan, omrede hy homself elders (op beroepsvlak) kon uitleef. Willem H. en Kappa toon egter 'n dringende begeerte na seksuele bevestiging van hulle manlike identiteit, in die lig daarvan dat Kappa voorheen sy bestaan op fisiese gronde gebaseer het en dat Willem H. ook 'n toekomstige leemte van waardebevestiging (op beroepsvlak) in die gesig staar. Dit blyk dat dit vir laasgenoemde tans 'n groter prioriteit is om seksueel te kan presteer, as wat dit vir hom as 'n jong man was, omdat hy homself vroeër op intellektuele en gemeenskapsvlak kon demonstreer, maar nou nie meer kan nie as gevolg van verpligte bedanking by sy werk.

**Psigiese ondersoek:** Al drie respondente openbaar uiteenlopende persoonlikhede in hul handelinge; Willem H. word hoofsaaklik aangespoor deur kontrole- en intellektuele motiewe, Kappa deur impulsiewe en fisiese behoeftes en Gert deur behoefte aan eksterne erkenning. Dit hou direk verband met hul opvoedingsjare, waar Willem H oorbeskerm en beheer was; Kappa aan homself oorgelaat is en korttermyn- behoeftes bevredig het, en Gert emosioneel verwaarloos was en onvoldoende psigiese vertroeteling ontvang het. Hul interne behoeftes het hul optredes bepaal; Willem H. het sy

manlike waarde, altyd uitgeleef met 'n ernstige, perfeksionistiese ingesteldheid, in terme van gemeenskapstrukture. Kappa het die norme van sy mede "straatwyse" vriende gevolg om dit wat onder dié kultuurgroep as gewens beskou was te onderskraag, naamlik om per risiko sorgeloos te lewe. Gert is daarenteen wesenlik 'n insiklike volgeling, asook 'n betroubare en pligsgetroue werknemer. Kognitief is die respondente ook in terme van potensiaal en uitlewing uiteenlopend, waar Gert en Willem H. waarskynlik as gevolg van hul ambisies oorpresteer het en Kappa as gevolg van lae motivering onder-presteer het. Daar was geen tekens van ernstige patologie onder hulle te bespeur nie, alhoewel Willem H. hoogs konkreet en irrasioneel ingestel is en Gert 'n abnormale negatiewe geloofsisteem oor seksualiteit het. Kappa se aandagvlakke het as gevolg van sy hoë pynbelewenis gefluktueer, en 'n negatiewe ingesteldheid jeens sy toekoms is geopenbaar.

Emosioneel meen Willem H. respondentief ontkennend dat hy slegs 'n mate van angstige teleurstelling ervaar, alhoewel hy objektief labiel en depressief gepresteer het. Kappa en Gert het ook enige gevoelens van teneergedruktheid of mislukking ontken, alhoewel die projektiewe oefening wel aanduidings hiervan toon. Gert bied selfs 'n moedige en vrolike beeld aan, waar die ander waarskynlik 'n groter mate van magteloosheid ervaar.

Perseptueel was al drie respondente normaal en hulle was tydens die ondersoek georiënteer ook t.o.v. tyd, plek en self.

Die betrokkenes was soortgelyk in terme van hul afhanklikheid van 'n goeie ondersteuningstelsel en professionele intervensies. Die individue se mediese problematiek plaas hulle in 'n magtelose posisie waar beheer daarvoor afhanklik is van eksterne komponente en nie van hulle eie beheer nie. 'n Essensiële aspek van manlikheid, naamlik outonomie, word dus van hulle weerhou. Kappa resorteer tot substansmisbruik as streshantemeganisme; hy bevredig daardeur sy impulsiewe en fisiologiese behoeftes op 'n tydelike basis.

## **(ii) Geïntegreerde Fallus-beskrywing**

Hierdie vierde en finale proses van totale mensbeskouing is volgens Monick se fallusprofiel aangebied. Monick se terminologie, gebaseer op Jung se uitgangspunte, is voorts benut om die toepasbaarheid en terapeutiese potensiaal daarvan te bepaal.

Vier primêre aspekte van manlikheid is op 'n improviserende wyse met elke stimulusbeeld en daarna ook met die vraelys en onderhoudgewens in verband gebring, naamlik:

### **Bespreking van fallus beskrywings**

#### **~Anima-integrasie**

Willem H. openbaar 'n afwesigheid van anima-integrasie en 'n sterk mate van animus-gedrewe handeling. Dit word in sy belangstellingsveld en die handhawing van tradisionele manlike rolverwagtinge gesien. Hy benader sy wêreld op 'n rasionele, emosielose wyse. Seksuele ontmoeting vind voorts vir hom in fisiologiese terme plaas, waar hy waarskynlik nie daartoe in staat is om sy metgesel met kreatiewe teerheid te benader nie.

Kappa tree ook eerder vanuit 'n suiwer animus-posisie o: Sy belangstellings, vriende en hul voorgeskrewe aktiwiteite is alles sterk verteenwoordigers van animus. Sy animus-aktiwiteite word gekenmerk deur chtoniese eienskappe, omdat dit fisies van aard is en gekenmerk word deur avontuur en risiko. Sy heteroseksuele verhoudings word voorts gevoer vanuit 'n chtoniese magsbasis, sonder empatie of teerheid.

Gert openbaar min getuienis van anima-teenwoordigheid. Sy geselskap en aktiwiteite is primêr manlik van aard. Hy het min kontak met vroulike aangeleenthede gehad en besit dus nie 'n identifiseerbare verwysingsbron wat tot anima-ontwikkeling kon bydra nie.



Die afwesigheid van individuasie (die sesde stadium van manlike ontwikkeling) by al drie gevalle is duidelik. Die transformasieproses is moontlik op grond van (a) die gevestigdheid van 'n bemeesterde ego (per afhandeling van stadium vyf, wat deur chtoniese en son aktiwiteite verteenwoordig word) en (b) aanvaarding van eie anima ; "A gentleness emerges from within, a willingness to work within the container, to allow being, without forcing life into a unilateral phallic mode." (Monick, 1991:65). Die integrasie van anima/vroulikheid, sonder gevaar aan Fallus, sou vir bogenoemde subjekte die volgende kon beteken:-

- Die meelewing en ervaring van gevoelens en sentimentaliteit.
- Die uitdrukking van emosie, wat met die gevoelswêreld vereenselwig word.
- 'n Sin vir estetiese gekultiveerdheid.
- Interpersoonlike verwantskappe, in terme van nabye, openlike vriendskappe.
- Die openbaring van weerloosheid en broosheid.
- Die aanvaarding van wedersydse afhanklikheid en eie swakhede.
- Feminisme en ondersteuning aan vroueregte.
- Homogeniteit, oftewel die waardering van manlike sensualiteit vanuit die animaposisie.
- Die belewenis en uitdrukking van teerheid en sagtheid.
- Die identifisering met menslike lyding en eie lyding wat met natuurlike fisiese pynlikhede gepaardgaan.
- Betrokkenheid by tradisioneel 'vroulike' take, soos huishouding, voedselvoorbereiding en die versorging van kinders.
- Aanraking met die siel, nl. met die onderbewuste en met die regterbreinkwaliteite.

Manlike individuasiëprosesse en die integrasie van anima kan egter slegs bewerkstellig word indien kastrasie-ervarings verwerk en gekompenseer voor is. Die teenmiddels hiervoor sal met die bespreking van die stand van die Fallus-beeld aangebied word, aangesien Willem H., Kappa en Gert deur

hul fisiese beperkings gekastreer is. Hul omstandighede verhoed hul groei deur die vyfde stadium van hul ontwikkelingsprosesse.

### ~Die bemeesting van son-fallus

Die bemeesting van ego (stadium vyf van manlike ontwikkeling), in son en chtoniese terme, dien as voorvereiste, tesame met anima-integrasie, vir individuasie. Hul posisies ten opsigte hiervan het soos volg vanuit die studie geblyk:-

Son-fallus word in 'n sterk mate by Willem H. verteenwoordig, naamlik in terme van sy wetsgehoorsaamheid en stabiele werkrekord, sy logosingesteldheid, geroetineerde gestruktureerdheid, en pligsgetroue gesinsbetrokkenheid. Hy openbaar ook 'n skadu-son sy, deurdat hy krities en outoritêr teenoor ander kan optree. Hy ondersteun 'n sedelike godsdienstige bestaan en openbaar 'n hoë verantwoordelike sin. Hy is 'n sosiale konformeerder en tree rasideel-ernstig op. Hy word aan verskeie gemeenskapse blootgestel, alhoewel dit blyk dat hy nie altyd oor die bronne beskik vir sy beoogde bemeesting hiervan nie. Hy is in 'n groot mate afhanklik van die tekens van son-uitlewing, wat in sy geval 'n kompenserende en selfs kunsmatige vorm van manlike waarde verteenwoordig. Die rede hiervoor hou verband met sy afwesige chtoniese seksualiteit (as gevolg van sy eggenote se kilheid en sy mediese geskiedenis). Hy staan voor 'n situasie van verpligting waar hy waarskynlik sy son-bewyse van manlikheid gaan verloor, wat hom in 'n identiteitskrisis plaas. Dit is vir hom van lewensbelang om tekens van fallus lewe en bestaan daar te stel. Hy voel intussen broos, magteloos en bekommerd.

Kappa se fallus-samestelling is met dié van Willem H. in teenstryd, aangesien daar beperkende tekens van son-bedrywighede by hom te bespeur is. Kappa het wel sy skoolloopbaan onder aandrang van sy moeder voltooi en dra sy metgesel as 'n kenteken van besit, aan sy sy. Hy vrees egter dat hy dié weens sy mediese toestand gaan verloor. Hy het weens sy portuurgroepidentifikasie nooit voorheen waarde geheg aan loopbaan-

aangeleenthede nie, sodat hy dié rigting ook nie tans kompenserend kan oorweeg nie. Sy lewe was voorheen gekenmerk deur 'n gebrek aan beplanning en afwesige morele oorweging. Hy openbaar tydelike oomblikke van geestelike toewyding, maar ervaar 'n groter skadu-cthoniese trekkrag wat hom in 'n waardestryd met homself plaas. Dit is voorts vir Kappa onbevredigend om homself by stabiele heteroseksuele omstandighede te moet aanpas en hy vind dit algemeen onmoontlik om 'n sosiale konformeerder te wees. Hy tree per fisiese behoefte impulsief op en heg daarom 'n baie hoë waarde aan sy liggaam. Slegs dié aktiwiteite wat in sy liggaam ontstaan of daardeur gegenereer word, is vir hom van waarde.

Gert en Willem H. kom meer ooreen t.o.v. die teenwoordigheid van sonvlakke by elkeen. Gert se agtergrond is eng en tradisioneel en hy het hierdie waardes as sy eie geïnternaliseer. Hy tree op met groot pligsbesef vanuit veeleisende kinderjare, en bejeën sy loopbaan met trots en erns. Hy handhaaf 'n sedelike bestaan en waardeer 'n waardige sosiale reputasie. Gert se werkomstandighede skep vir hom 'n noodsaaklike basis van manlike identiteit, omdat hy daar waardevol en suksesvol voel. Gert het as gevolg van sy mediese en godsdienstige agtergrond nie 'n vrou en kinders nie, en verloor daardeur prominente son-tekens van manlikheid, naamlik kentekens van besitting en voortbestaan. Sy oormoralistiese houding jeens seksuele aangeleenthede is 'n teken van oordrewe son-proporsie. Gert se pynlike ondervinding van die son-huweliksaktiwiteit het sy hele identiteit byna vernietig. Hy beperk homself gevolglik tot produktiwiteit op onpersoonlike son-vlakke. Hy beweer dat sy mediese beperkings geen invloed hierop kan hê nie. Die waarde van die liggaam word deur Gert ondergewaardeer, omdat dit nie die essensie van sy identiteit en waarde vir hom, as son-wese, voorskryf of beïnvloed nie.

#### **~Die vervulling van chtoniese fallus**

Willem H het nie, as gevolg van sy ongesonde liggaam en oorbeskermende moeder, kontak met die chtoniese sy van sy identiteit gemaak nie, buiten waar hy in animusterme biologies seksueel funksioneer. Selfs hierdie aspek

word egter tans met die voorkoms van ED beperk. Dit, as waarneembare teken van verlies van manlikheid, tesame met die ontneming van Son omstandighede, veroorsaak by Willem H. 'n angstige dringendheid om manlike kentekens te hervestig. Hy kan egter weens sy siekte nie met fisiese manlike aangeleenthede identifiseer nie, en onderdruk enige primitiewe chtoniese behoeftes, weens sy sterk morele son-instelling. Dit blyk dat hy uitgeput en sonder inspirasie vanuit sy onderwêreld verkeer, maar dat sy erotiese lewe potensieel passievol kan wees. Soms is daar selfs tekens van primitiewe skadu-chtoniese te bespeur, wat daarop dui dat Willem H. potensieel tot kontak met bese beuselagtighede in staat is, veral ter verdediging van sy Fallus-identiteit. Hy voel moontlik teneergedruk as gevolg van sy magteloosheid in terme van die voorkoms van sy ED, omdat hy nie eers verdedigend vanuit chtoniese fallus, daarvoor kan terugveg nie. Hy ervaar moontlik ook die verlies van chtoniese vonk as gevolg van die gebrek aan erkenning (“thrall”) vanaf sy eggenote.

#### ~Die stand van Fallus-goddelikheid

**Willem H.** is, soos dit die geval by alle manlike persone is, deel van manlike hiërofanie as gevolg van hul gemeenskaplike Fallus-goddelikheid. Monick verwys hierna, in sy titel, as “Phallos - sacred image of man”(1987). Elke man is dus gebore met goddelike verwagtinge waaraan voldoen moet word, die eer veronderstel tegelykertyd eise en uitdagings wat voortdurend druk op hom plaas om te presteer. **Dit is die primêre doel van manwees – om te bemeester – as voldoening aan/vervulling van die goddelike beeld, waarvan Fallus die liggaamlike kentekens hiervan is.**

Hierdie vervullingstaak was vir Willem H. binne die konteks van mediese probleme moeilik uitvoerbaar, alhoewel hy sy waarde as seun reeds besef het. Hy kon op son-vlakke uitvoering aan sy manlike identiteit bring, maar soos reeds oor uitgebrei is, is chtoniese dimensies sluimerend en gefrustreerd.

Die verwagte verlies van son-identiteit, tesame met die reeds afwesige chtoniese lewe, bring 'n ervaring van paniek by Willem H. tot stand. Hy neem sy liggaam fisies waar en ervaar die verlies van Fallus as simbolies van kwynende goddelike identiteit, **want in die toestand van geslagloosheid wat daarmee gepaard gaan, verloor hy homself; indien hy nie man is nie, is hy niks.**

Die herinstelling van Willem H. se manlike identiteit is vir hom geleë in die kunsmatige herstelling van sy manlike teken (deurdat erektiele potensiaal bv. deur vakuümkonstruksie-apparate bewerkstellig kan word), alhoewel dit nie noodwendig 'n verteenwoordiging van son en chtoniese dimensies kan veronderstel nie. Kompenserende son-bedrywighede kan weer deur Willem H. tydens sy aftrede bewerkstellig word, maar die kreatiewe energie hiervoor is in chtoniese fallus en anima geleë. Sy eggenote se verheerliking sal waarskynlik weer 'n lewebiedende verpriesterlikende invloed op hom hê, sodra hy met anima-teerheid kan reageer. Unus mundus is dus nie in die geval van Willem H. bereik nie. Dit sou 'n voorvereiste wees vir die werklike voltooiing van sy manlike eenheid.

Willem H. se rasionele ingesteldheid en die verlies aan motivering deur sy eggenote, maak dit onwaarskynlik dat hy verby suiwer urologiese behandeling sal beweeg.

**Kappa** openbaar 'n sterk identifikasie met die manlike kultuur, naamlik in sy geval, 'n spesifieke subkultuur wat sy verwysingsraamwerk geword het in die afwesigheid van 'n stabiele ouerhuis. Chtoniese lewenstyl is as norm aan hom voorgehou, sodat die plesierbeginsel sy bestaan oorheers het. Hy het nietemin die erkenning op sosiale en heteroseksuele gebied hiervoor bekom en sy numenosum daardeur bevestig.

Die skietongeluk wat sy chtoniese magte van hom ontnem het, het hom in 'n identiteitskrisis geplaas. Hy kwalifiseer fisies nie om enige chtoniese aktiwiteite te volvoer nie; dit word ook vir hom duidelik in afwesige Fallus

heteroseksuele verhoudings te handhaaf, is hoogs beperk, omdat anima en chtoniese integrasie nie bestaan nie. Hy maak staat op ander erkenningsbronne van manlike son-aard, om verheerliking te bied aan sy manlike goddelike beeld. Dit is vir hom voldoende en veiliger op dié wyse.

Teenmiddels of antidote vir kastrasie wat moontlik genesende proposies vir diegene inhou, is :-

~ Mentorskap; dit is die beskikbaarheid van 'n vader-oertipe. Dit mag enige manlike rolmodel verteenwoordig wat 'n gedistansieerde, maar wyse en vriendelike posisie inneem.

~ Aanraking; fisiese aanraking is 'n basiese wyse van die gee en ontvang van persoonlike erkenning. "The fear of touch is the fear of intimacy; intimacy between men suggests masculine vulnerability and thus castration" (Monick, 1991:116). Wanneer manlikes egter in samewerking met mekaar is, kan aanraking 'n teken van hervorming wees.

~ Kollegialiteit; manlikes bekom 'n sin van gedeelde identiteit deur middel van gedeelde groepaktiwiteit in die vorm van sport, klubs, verenigings, ens. 'n Gevoel van samehorigheid en bondgenootskap ontstaan daardeur.

~ Droefheid; dit is die noodsaaklike belewenis van hartseer by manlikes, "Grief grounds masculinity and becomes "the door-to-door feeling" for a man" (Bly, in Monick, 1991:119). Hartseer veronderstel bepaalde opofferings en lyding, en is die bron van manlike teerheid en welwillendheid teenoor ander.

~ Respek; dit is selfgeldende verering van die self (in teenstelling met admirasie wat respek voorafgaan). Dit is die vorm van gesonde narsissisme.

~ Dekonstruksie; dit behels die bevraagtekening van alle tradisionele patriargale strukture en die aanvaarding van innerlike outoriteit en die relatiewe balans tussen die noodsaaklikheid vir sekere Westerse gebruike en oorkonstruksie.

~ Vaderskap, deursettingsvermoë, fokus, kontak met die instinktiewe, en ander kwaliteite dra alles daartoe by om die sin van die manlike self te vestig en in stand te hou.

~ Psigoterapie; terapie behels die ontdekking van wat is en om te leer om daarmee saam te leef. Elke man moet leer om met kastrasie saam te leef; om met liefde en skepping 'n saambestaan te voer. "Bleeding the sap of a growing man, or of any male, is what I have called castration.... The starting place is with a man's proudest possession. Men can take heart. The sap can flow again" (Monick, 1991:133).

#### 8.1.2.2

##### **Eksterne evaluasie: Die geldigheid van Monick teorieë**

Vanuit dié studie bestaan sterk getuienis vir Monick se teorie oor manlikheid. Dit word afgelei uit voorafgaande toepassing van data-ontleding, waarvan die teoretiese aannames toegepas en geïmplementeer kon word om die pasiënt se stand van Fallus-goddelikheid te kon demonstreer. 'n Persoonlike profiel van elkeen se manlike beeld in terme van son en chtoniese dimensies kon bepaal en geklassifiseer word. **Die voorheen andersins ongedefinieerde dryfkrag agter elke man se behoefte om te bemeester, word deur die teorie op 'n 'gulhartige' wyse beskryf as "Phallos – a mysterious divine reality" (Elden in Monick, 1987: 14).** Die erkenning en aanvaarding van hierdie universele en oertipiese kwaliteit van manlike persone maak dit moontlik om hul motiewe agter elke chtoniese en sonhandeling te begryp. Die blootlê van hierdie profiel stel die ondersoeker in staat om die respondent se manlike selfbeeld te bepaal en om 'n evaluasie uit te voer en 'n aanbeveling te doen met die oog op psigoterapie, huweliksberading, beroepsleiding en hospitaalberading.

Die numenostiese kwaliteit van Fallus is 'n abstrakte konsep wat op twee wyses, volgens die teorie, vergestalt word, naamlik deur die waarneembare weë van son en chtoniese dimensies (wat 'n psigiese refleksie hiervan is) en deur middel van liggaamlike refleksies, oftewel die stand van erekteïele vermoë (Fallus vs *Phallus in-potentia*), as fisiese maatstaf hiervan. Die toepassing hiervan in die huidige studie het daarop gedui **dat die afwesigheid van Fallus 'n duidelike weerspieëling is van verlore numenosum, alhoewel dit vir elke man 'n ander betekenis het in terme van sy psigiese geheelbeeld.** Dit het na vore gekom dat die pasiënt se belewenis van verlore Fallus (organies, sekondêr) teen die agtergrond van sy reeds bestaande psigiese geskiedenis ervaar word, naamlik dat ander kompenserende faktore steeds die goddelike beeld in stand kan hou. Vir ander lei die fisiologiese toestand tot verhoogde selftwyfel en 'kastrasievrees'. Die pasiënt se vorige bemeestering op chtoniese en son vlakke bepaal sy prognose na aanleiding van 'n organiese defek.

Dit blyk voorts dat elke moontlike handeling wat deur 'n manlike persoon uitgevoer kan word, in terme van verligte of skadu chtoniese en son dimensies geklassifiseer kan word. Dit is alles ter wille van die vervulling van Fallus numenosum. Die kultuurhistoriese bewyse van Fallus is hoogs sigbaar in hedendaagse voorbeelde van manlike dryfvere, soos dit sigbaar gemaak is deur middel van fenomenologiese en metaforiese openbaringe van hierdie studie.

Die hantering van elke geval volgens die terapeutiese ideaal van hiërosgamos (sintese van verdeelde teenoorgesteldes) is teoreties moontlik, alhoewel dit nie vir die doeleindes van hierdie studie uitgevoer of afgehandel is nie. **Die analitiese proses waar die 'psigoiëde' aard van die fisiese simptome geëkspliseer word, om daardeur Jung se vlak van unus mundus te bereik,** is wel hier gebruik as 'n voorloper van hiërosgamos. Die hiërosgamosvlak wat vervolgens met elke pasiënt onderneem mag word, behels 'n proses van "auseinandersetzung"/uiteensetting, waar anima en



skadu aspekte van die persona geïntegreer moet word, ter wille van manlike voltooidheid.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat seksualiteit die kern van elke individu is en dat die seksuele identiteit deur verskeie psigo-sosiale en biologiese prosesse gevorm word. Monick (1987) stel die verwantskap tussen fisiese seksuele uitbeelding en die manlike identiteit in baie sterker terme, naamlik dat “Phallos carries the masculine inner god-image of a male” (p.16). Hy verbind die fisiese en psigiese aspekte van seksualiteit in terme van die essensiële aspek daarvan, naamlik met verwysing na die implisiete betekenis van die geslagsorgaan.

Monick kom in filosofiese terme met ‘n deeglike stel nagevorste kultuurhistoriese bewyse na vore om sy teoretiese aannames op ‘n redelike pragmatiese wyse aan te bied. Hy vereenselwig hierdie waarneembare bewyse met Jung se dieptesiening oor manlikheid en plaas homself daardeur in ‘n bepaalde teoretiese kategorie, sonder dat hy dit nodig ag om ander teoretiese uitgangspunte te bevraagteken. Dit wil eerder voorkom asof hy ‘n breë filosofiese basis stel, waarteen ander teorieë gereflekteer en geïntegreer kan word. Dit kan selfs gestel word dat alle ander aannames en metodologieë met betrekking tot manlikheid in Monick se fallus-terme herdefinieer kan word en sistematies in sy teoretiese strukture georden of geïntegreer kan word.

Die hantering van bogenoemde stelling kan soos volg gedemonstreer word, deurdat ander teoretiese stellings uit die literatuurstudie op ‘n lukrake wyse met die Monick-filosofie in verband gebring kan word.

- Die biogeniese teorie van die vorming van manlike identiteit hou verband met Jung se oertipiese aannames van universele manlike kwaliteite.

- Die sosiologiese en kommunikasieterme van kultuur gevormde manlike identiteit dui op bepaalde gemeenskaplike rolverwagtinge wat die son-aard van manlike optrede voorskryf.
  
- Sielkundige teorieë ontstaan as voortvloeiende van sosiologiese aannames waar manlikheid weens godsdienstige waardes toenemend intellektuele, eerder as fisiese kwaliteite, begin aanneem het. Dit kom ooreen met Neumann (in Monick, 1987:57) se teorie wat die basis van die son en chtoniese onderskeid gevorm het. Teoretiese uitgangspunte verwys onder andere na mag, onafhanklikheid, gratifikasie, beheer, dominansie, prestasie, bemeestering, kompetisie, ensovoorts, as eienskappe en oogmerke van manlikheid, wat aansluit by Monick se gedagte van “...phallos is motivated by conquest, whether the object be body or mind” (1987:104). **Monick motiveer egter hierdie inherente dryfvere van die man aan die hand van fallus-numenosum.** Die man ontleed sy omgewing op jeugdige ouderdom en besluit watter rol-ideaal hy wil navolg, (wat wederkerig ‘n versterkende invloed is op die voortsetting van hierdie manlike optredes), ten einde by kognitiewe en sosiale leerteorieë aan te sluit. Dit is ‘n proses wat aanleiding gee tot son-fallus, met die oog op die verwesentliking van Monick se Fallus-numen – begrip.
  
- Seksuele aantrekkingsteorieë weerspieël Monick(1987) se begrippe rondom “fascinum” en diensbaarheid (p.25), wat die fynere besonderhede en tegniek ter bereiking van die erkenning van “numenosum” beklemtoon. Die interpersoonlike aspekte van ‘n heteroseksuele verhouding is, volgens Monick, voorts geleë in chtoniese energie (hartstog) en die integrasie van anima (kreatiewe teerheid en empatie).

Daar is reeds veronderstel dat daar ooreenkomste is tussen die fenomenologiese begrip van die seksuele ontmoeting en Monick se filosofie.

Noudat die projek voltooi is, kan sekere raakvlakke op die keper beskou word, naamlik :

- Alle hartstogte het eiewaarde en selftrots ten doel.
- Passie behels 'n lydingstydperk, waar die man angstig verkeer in die volvoering van sy numenostiese beeld.
- Die liggaam gee betekenis aan, en deur, 'n situasie, oftewel die onderlinge verband op 'n reflektiewe wyse.

Romanyshy(1972) se stelling dat "...the human body mirrors human dié psigoiëde karakter van die mens, volgens Monick. Metafore is 'n wyse van uitdrukking van hierdie verband, waar een realiteit met 'n ander vergelyk word. Met hierdie studie kon daar op drie vlakke metaforiese uitbeelding gebied word aan die liggaam: psige refleksie, naamlik:-

- Die toepassing van **Monick se empiriese teoretiese** aannames oor die manlike psige as refleksie van liggaamlike Fallus, waar die een die ander op psigoiëde wyse verteenwoordig (Eerste-orde metaforiese uitbeelding).
- die benutting van letterkundige, **kuns en mitologiese** bronne as refleksie van die psigiese belewenis van 'n liggaamlike verskynsel. Die respondent word as verhaalfiguur één met die materiaal en respondentiewe inligting daarop (Tweede-orde metaforiese uitbeelding).
- Die beeldende hervoorstelling van elke individuele respondent as herontdekte realiteit is toegepas deur middel van 'n **botaniese tema** met die oog op die voorstelling van die man se identiteit hiervoor. (Derde-orde metaforiese uitbeelding, wat die persoon in refleksie hervorm).

Ander teoretiese uitgangspunte sal dus waarskynlik aansluiting kan vind by die gevolgtrekkings van hierdie projek en sal die insigte op een of ander wyse terapeuties kan benut word, hetsy uit 'n diepte, sistemiese of kognitief beeldende perspektief.

Die waarde van Monick se formulerings is daarin geleë dat sy uitgangspunte 'n nuwe dimensie bied aan die verskynsel van manlikheid in verhouding tot (organiese) erektele disfunksie, soos wat dit in hierdie studie gedemonstreer word. Die studie dui aan dat persone met organiese probleme 'n ewe negatiewe belewenis van bedreigde manlikheid kan ervaar, en dat hul prognose afhanklik is van hul pre-morbiede fallus-profiel. Bykomende sielkundige intervensie word in sommige gevalle aangedui, al kan fisiese funksionering kunsmatig herstel word. In uitsonderlike gevalle word die waarde van Fallus deur die pasiënt onderdruk en bemeesteringsbehoefte word kompenserend uitgeleef in son terme, sodat geen behandeling toepaslik word nie.

Dit het ook vanuit die literatuurstudie geblyk dat angs en vrees by alle ED pasiënte voorkom, alhoewel Monick hierdie emosies kwalifiseer en verdiep. 'Prestasie-angst' word na chtoniese en son dimensies verbreed en nie slegs op erotiese terrein van toepassing gemaak nie. 'Kastrasievrees' word ook in 'n verskeidenheid van kontekste gedemonstreer, eerder as bloot afkomstig vanuit vroulike bronne. Prestasie-angst word gemotiveer in terme van die betekenis van prestasiebegeertes vir die man, naamlik deur middel van die voorstelling van Fallus numenosum. Die magtelose organiese pasiënt ervaar 'n passiewe ervaring van prestasiefrustrasie, omdat hy geen beheer oor sy funksionering het nie. **Begrip van die man se verwysingsveld en inherente dryfvere is noodsaaklik vir enige terapeutiese modaliteit en terapeutiese doelwitte kan slegs met oorweging van elke pasiënt se respondentiewe profiel en stand van Fallus gestel word.** Elke manlike pasiënt sal eerbiedig en geken moet word vanuit sy verhouding met numenosum tydens

kommunikasie-opleiding, seksvoorligting, hipnose, bioterugvoering, ensovoorts.

**Die kern van Monick se teorie word aanvaar, naamlik dat die aktiewe fisiologiese reaksie van die manlike geslagsorgaan, ten einde 'n funksie te verrig, 'n weerspieëling is van die man se psigiese prestasiebehoefte ter vervulling van sy numen.** Die fisiologiese proses van erekteie funksie betrek die man se hele liggaam – vaskulêr, neurologies, endokrinologies, kardiologies en muskulêr – in 'n dramatiese proses van aksie en uitvoering, ten einde bepaalde behoeftes te bemeester (byvoorbeeld seksueel van aard) of om voortplanting te bewerkstellig. Hierdie voorstelling is volgens Monick 'n metaforiese weerspieëling van die man se psigiese bemeesteringsdoelwitte, ter vervulling van Fallus numen, wat die rede vir sy chtoniese en son aktiwiteite uitmaak. **Manlikheid betrek en rig sy hele wese in 'n proses van aktiewe strewes, net soos sy geslagsfunksie.**

Moderne sienings van manlikheid bevestig 'n voortsetting van tradisionele manlike eienskappe onder diegene wêreldwyd, wat steeds die man as dominante en gedifferensieerde geslag uitbeeld (King, 2001:4475; Torres, 2002:38 en Walker, 2002:151). Skelton (2002:164) het bevind dat manlike kenmerke onder seuns in skole deur opvoedkundiges versterk word. Manlike bondgenootskappe is steeds prominent en gewild (Walker (2002:160) en die sogenaamde *byderwetse man* strewes steeds na die oorlewing van, en aanpassing t.o.v., manlike mag (Benwell, 2002:149). Waar manlikes poste in tradisioneel vroulike beroepe bekleed, handhaaf hulle steeds 'n dominante posisie (Cross & Bagilhole, 2002:204). Ludlow & Mahalik (2002:205) het met die ontwerp van “the Conformity to Masculine Norms Inventory (CMNI)” 12 eienskappe suksesvol met manlikes gekorreleer, nl. kompetendheid, emosionele beheer, waagmoed, geweld, dominansie, selfstandigheid, beroepsgerigtheid, mag oor vroulikes, afkeur t.o.v. homoseksualiteit, fisieke krag, status afhanklikheid en seksuele bemeestering.

Daar bestaan wel kulturele variasie, waar die Japanese bv. aan kollektiewe

manlike waardes konformeer, in teenstelling met die Franse, wat groter individualisme openbaar (Hirokawa et. al, 2002:243).

Dit wil dus blyk dat daar geen verandering aan die man se numenostiese waarde plaasgevind het nie, alhoewel tradisionele manlike ideologie t.o.v. intimiteit negatief met heteroseksuele verhoudingsaspekte korreleer (Mcgraw, 2001:1588). Vroulike metgeselle beleef mans met tradisionele ingesteldhede as geslote i.t.v. kommunikasie, asook beperk in die deel van warmte en teerheid. Die ideaal van *unus mundus* en androgene ideologie word ook hier duidelik as voorwaarde vir suksesvolle geslagsverhoudings uitgebeeld (Philaretou & Allen, 2001:301). 'n Groter ondersoek na die ontologie en oorspang van onsekerheid by manlikes, word deur Thompson (2001:27) voorgestel.

### 8.1.3 **Beperkings van die studie**

Die studie is grootliks gebaseer op die bevestiging van die teoretiese aannames van Monick, waardeur daar gepoog is om die navorsingsvraag te beantwoord deur Monick se aannames toe te pas op werklike gevalle en die gevalle daaraan te toets. Sodoende is daar geslaag om op 'n hermeneutiese, insiggewende wyse die betrokke gevalle te ontleed en hulle in terme van Monick se teorie te beskryf.

Die hoogs abstrakte Jungiaanse begrippe bly egter teoretiese aannames wat soms onduidelik is en te gekompliseerd is om prakties toe te pas (verwys Monick, 1987:69). Terme soos "Wombic enclosure of life" en "Primitive transgressivity as psychological non-differentiation" is onverrekenbaar en oorbodig vir die doeleindes van die huidige navorsingsvraag bevind. Die spesifieke werking van onderliggende chtoniese energie, oftewel 'vonk van die onderwêreld", is ook relatief ontoeganklik.

Die metodes wat toegepas is om Monick se teorieë te toets, het hul eie beperkings gedemonstreer. Hierdie projek kan as gevolg van die beperkte

getal respondente beskou word as 'n loodsstudie, wat wel die teorieë grotendeels bevestig het. Data-insamelmetodes is gevolg aan die hand van kwalitatiewe navorsingsprosedures. Hierdie metode word nie in terme van kwantitatiewe navorsingskriteria, maar in terme van die spesifieke aard van die navorsingsvraag, toegepas. Afleidings verg bevestiging uit ander bronne om te verseker dat gevolgtrekkings geldig is. Weens beperkte onderhouddata kon alle interpretasies van die stimulusbeelde nie uit ander bronne bevestig word nie en is in hipotetiese vorm aangebring. Die kliniese vraelys is slegs as 'n diagnostiese hulpmiddel ingesluit.

Die aanbieding van metafore oor die falliese tuin was 'n uitdagende proses, omdat 'n hoogs abstrakte onderwerp met konkrete en stagnante voorwerpe gekorreleer moes word. Die prosedure is sover moontlik met die individuele en unieke eienskappe van respondente gekoppel, alhoewel die fyner nuanses van die kognitiewe en sielswêreld slegs in menslike terme uitgedruk kan word.

---